

# LEEF MET WETE - TWYFEL - OORTUIGING




## Luister

Die lede van die NHN Tuinroete het Sondag 23 Feb 2025 by die huis van Boenie en Ina Louw vergader. Hul het vooraf na die opnames van die praatjies geluister wat Barend la Grange, Piet Croukamp en Marius Herholdt, gehou het by 'n byeenkoms van die NHN in Gauteng tydens die Leef, Met Wete - Twyfel - Oortuiging.

## Gesprek

Die NHN Tuinroete groep het daarna die inhoud van die voordragte bespreek en vir hulself dit asvolg saam gevat.



## Skeptisisme

In die konsepte van skeptisisme, twyfel, en menslike potensiaal, en hoe hierdie idees ons denke en ons organisasie kan beïnvloed word mooi aangespreek.

Piet Croucamp wys daarop dat die mens se vermoë om komplekse probleme op te los en die kompleksiteit van die










## Uitdaging

mensdom nie onderskat moet word nie.

Met hierdie perspektief daag hy ons uit om onsself en ons potensiaal ten volle te erken, eerder as om 'n oordrewe nederigheid te aanvaar.
Een van die kern punte wat uitstaan is die kontras tussen skeptisisme en twyfel.

Skeptisisme moedig ons aan om ons eie idees en oortuigings te bevraagteken, wat lei tot groei en 'n dieper begrip van die wêreld rondom ons.
Hy dring aan dat die manier waarop ons dink belangriker is as wàt ons dink.




*Stuur enige nuus of fotos na:*
*nhntuinroete@gmail.com*

## Barend la Grange: Vaderland, Moerland, Voorland – My reis

In die konteks van mens-wees en die diverse omgewings waarin ons bestaan met wisselende begrippe van waardes en uitdagings, deel Barend la Grange op ‘n persoonlike vlak sy reis deur die Suid-Afrikaanse landskap en mense se verlede, hede en toekomsverwagtings.

La Grange plaas groot klem op verhoudings.






## Ingesteldheid

Hy bemerk 'n verskuiwing in sy eens vaste oortuigings en skryf dit toe aan die verskeidenheid ander-soortige insigte waaraan sy reise hom blootgestel het. Sy vrae het nie opgehou nie en die antwoorde (selfs van diegene wat as van die "geringstes" beskou word) het hom vele kere laat rigting aanpas. Hy het geleer om te luister as mense van hom verskil en al meer besef, die lewe is nie 'n vakansie nie, vir niemand nie. Maar as jy reg ingestel is, lyk alles soveel beter. Dan kan mens met oortuiging probeer leef. Deel van hierdie oortuiging is: "Ons luister vandag nie genoeg nie, veral in die politiek."



## Marius Herholdt: Wete, twyfel en oortuiging as windrigtings van die welwees-kompas

Marius beskou ons totale welstand as die verstekstatus ("default") van menslike bestaan. Dikwels staan verdelende pole van wete versus twyfel in 'n "wisselwerkende dialektiek wat spiraal na groter oortuiging".


As teoloog met 'n belangstelling in die kwantum-fisika en berading, stel Herholdt 'n model voor wat hy ontwikkel het as 'n soort werklikheidsgelykenis.

Sodanige model kan in 'n gesprek van singewende ondersoek as nuttige riglyn gebruik word. Sy inspirasie vir die ontwikkeling van die model was 'n soort epifaniese ervaring van die orde wat hy raaksien in die heelal – sy



## Openbaring

"ghost in the machine"-openbaring was soos "God kom aarde toe".
Dieselfde soort orde, glo hy, behoort tot antwoorde te lei vir ordeskepping tussen polariserende idees en teorieë rondom kontekstuele teologie en sekulêre wetenskap.




As mens aanvaar dat elke mens 'n eie pad van singewing stap, behoort dit volgens hom voordelig te wees om dit te doen aan die hand van 'n positiewe belewenis van die totaliteit van wat ons dink, glo, voel en doen (daarom die plus-teken in die model).

30 MAR 2025 - 10:00

### Volgende Byeenkoms

*Hanneli Bendemann gaan met ons haar ervarings deel oor haar konttak met*





★ Charmaine Barnardt 13 Feb

**Vir oorweeging dat: ons as 'n groep die Blombos Grot saam in die jaar gaan besoek?**

**Vir oorweeging dat: ons as 'n groep die Glentana "wrak" saam in die jaar gaan besoek?**

**Vir oorweeging dat: ons as 'n groep saam 'n naweek gaan oorbly/kamp in die Gamkaberg Natuur Reservaat**

*Saam gestel deur Neels Borstlap*



# BLOMBOSGROT- PINNACLE POINT - MOSSEL BAAI




Blombosgrot is 'n argeologiese terrein geleë in Blombos Privaat Natuurreservaat, net buite Mossel Baai in die Suid-Kaapse kuslyn, Suid-Afrika.

Die grot bevat Middelsteentydperk (MSA)-afsettings wat tans tussen c. **100 000 en 70 000** jaar voor hede (BP), en 'n Laat Steentydperk-reeks gedateer op tussen 2000 en 300 jaar. Die grotterrein is vir die eerste keer in 1991 opgegrawe en veldwerk word sedert 1997 op 'n gereelde basis daar gedoen, en is aan die gang.

Die opgrawings by Blombosgrot het belangrike nuwe inligting oor die gedragsevolusie van anatomies moderne mense opgelewer. Die argeologiese rekord van hierdie grotterrein was sentraal in die voortdurende debat oor die kognitiewe en kulturele oorsprong van vroeë mense en tot die huidige begrip van wanneer en waar sleutelgedragsinnovasies na vore gekom het onder Homo sapiens in Suider-Afrika gedurende die Laat Pleistoseen. Argeologiese materiaal en fauna-oorblyfsels wat uit die Middelsteentydperk-fase in Blombosgrot gevind is – gedateer tot ca. 100 000–70 000 jaar BP – word beskou as groter ekologiese nisaanpassing, 'n meer diverse stel bestaans- en verkrygingstrategieë, aanvaarding van multi-stap tegnologie en vervaardiging van saamgestelde gereedskap, stilistiese uitwerking, verhoogde ekonomiese en sosiale organisasie en voorkoms van simbolies bemiddelde gedrag.

Die mees insiggewende argeologiese materiaal van Blombosgrot sluit in gegraveerde oker,[9][10] gegraveerde been okerverwerkingsstelle,[3] mariene skulpkrale, verfynde been- en klipgereedskap en 'n wye verskeidenheid van voëls, voëls en oorblyfsels skilpad en volstruiseierdop, en soogdiere van verskillende groottes. Hierdie bevindinge, tesame met daaropvolgende her-analise en opgrawing van ander Middelsteentydperk-terreine in suidelike Afrika, het gelei tot 'n paradigmaskuif met betrekking tot die begrip van die tydsberekening en ligging van die ontwikkeling van moderne menslike gedrag. Bronne: Wikipeadi